higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEORIE VAN POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3

(8011023)

10 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

414Q1S2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord al die vrae in AFDELINGS A, B en C.
3. Beantwoord slegs EEN vraag uit AFDELING D.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Etiek	A	enige onwettig optrede wat die gebruik van beroepsgesag for persoonlike, groeps- of organisatoriese wins behels
1.2	Etos		
1.3	Die polisie	B	die ooglopendste geleenthede wat tot 'n polisiebeampte se beskikking is is wanneer hy/sy hom-/haarself in 'n situasaie bevind wat die gebruik van diskresie vereis
1.4	Regdiskresie		
1.5	Persoonlike etiek		
1.6	Binne-buite-teorie ('inside-out theory')	C	'n selfwaarde wat gebaseer is op 'n persoon se opvoeding en die vaslê van beginsels waarvolgens die individu sy/haar lewe lei
1.7	Korrupsie		
1.8	Maslow se hiërargie	D	dit word in polisiëring beskou as die regte ding om te doen, selfs al is 'n mens in die versoeking om dit nie te doen nie, soos om nie omkoopgeld te aanvaar nie
1.9	Buite-binne-paradigma ('outside-in paradigm')		
1.10	Grieweprosedure	E	beteken om by jouself te begin
		F	mense wat op ander mense se swakhede teer om vooruit te kom
		G	persoonlike integriteit, die geloof wat mense in jou integriteit en bevoegdheid het
		H	kan deur mense wat 'n legitieme belang daarin het aangevra word om bewys te lewer van beleide en optrede
		I	een van die wêreld se mees bekende teorieë oor motivering
		J	'n manier waarop werknemers klagtes kan lê en oplossings op probleme kan soek

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Die internasionale gemeenskap het 'n gedragskode vir polisiëring ontwikkel wat die Gedragskode vir Wetstoepassingsbeamptes ('Code of Conduct for Law Enforcement Officials – CCLEO') genoem word.



2.2 Die polisie moet nooit wys dat die hoeveelheid geweld wat gebruik is net genoeg was om hul doelwit te bereik nie. Dit sal hul geheim van selfverdediging bewaar.

2.3 In 'n polisiediens is daar baie min ruimte om diskresie te gebruik.

2.4 'n Polisiemag werk op grond van reëls en regulasies wat streng toegepas word.

2.5 'n Voordeel daarvan om goeie leiers te hê is dat die leier meer betrokke is by die span en die span sodoende in staat gestel word om die eienskappe waarvoor hy/sy aanvanklike aangestel is, waar te neem.



2.6 Klandestiene polisiewerk staan ook as openlike werk bekend.

2.7 Polisietaktiek soos stop-en-deursoekingsoperasies kan as probleemgerigte reaksies beskou word wat min, indien enige, gemeenskapsbetrokkenheid behels.

2.8 Die woord 'opvoeding' kan teruggevoer word na die Latynse woord '*e-ducere*' wat 'om te lei' beteken het.

2.9 Mikrovoedingstowwe is voedingstowwe soos proteïene en vette wat die liggaam in groot hoeveelhede nodig het.



2.10 Dit is nie nuttig om jou eie drank- en voedselinname te monitor nie omdat jou liggaam na voedsel en water sal hunker.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kiesl. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.3–3.2.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

langer; 60–70; basiese; minimum; 30–40; medium, korter, laer; 40–50; maksimum, 50–60; gevorderde, 70–80; hoër.

3.1 Die belangrikste verskil tussen (3.1.1) … en intermediêre kardio-respiratoriese oefening is dat 'n mens poog om binne 'n (3.1.2) … hartklopomvang vir 'n (3.1.3) … tydperk te oefen as wanneer jy intermediêre kardio-respiratoriese oefening doen. (3 × 1) (3)

3.2 Wanneer 'n mens met 'n kardio-respiratoriese oefenprogram begin, moet 'n mens jou hartklop teen (3.2.1) …. persent van 'n mens se (3.2.2) … hou sodat 'n mens kardiovaskulêre en spierkrag kan opbou. (2 × 1) (2)
[5]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

Die huidige Suid-Afrikaanse polisiëringstelsel het met verloop van tyd ontwikkel – self ná en tydens die demokratiese bestel. Die demokratiese verkiesing het die benadering tot polisiëring in die land verander. Suid-Afrikaanse polisiëringagentskappe soos die Suid-Afrikaanse Polisiediens en Metropolitaanse Polisie het verskillende gedrags-kodes.

4.1 Bespreek die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. (8)

4.2 Bespreek die verhouding tussen persoonlike en professionele etiek. (7)

4.3 Beskryf wat *demokrasie* beteken. (5)

4.4 Bespreek wat 'reaksie op 'n oproep' met verwysings na die polisie se reaksie-tyd beteken. (5)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die artikel hier onder en beantwoord AL die vrae.

'n Gemeenskapspolisiespan van Ezibayeni, Hluhluwe en Nongoma het die polisie versoek om 'n intelligensiegedrewe operasie deur lede van die KwaMsane Taktiese Reaksiemag uit te voer. Die operasie om na verdagtes te soek wat met verskeie sake verbind word, het in die vroeë oggendure van Vrydag, 20 Julie 2018, begin. Die operasie het vrugte afgewerp toe vier verdagtes vir die besit van ongelisensieerde vuurwapens, ammunisie en die besit van 'n gesteelde voertuig in hegtenis geneem is. Tydens die kruisvuur is een van die verdagtes beseer. Twee verdagtes, wat die beseerde een insluit, is op die toneel in hegtenis geneem. 'n Vuurwapen en 11 rondtes ammunisie is in die verdagtes se besit gevind. Die beseerde verdagte is hospitaal toe geneem vir mediese behandeling waar hy onder polisiebewaking gehou word. Die ander twee verdagtes het te voet van die toneel af in die nabygeleë bosse verdwyn. Die span het tot laat gisteraand onvermoeid gesoek na die twee verdagtes wat van die toneel gevulg het. Die verdagtes is in die Nongoma-gebied opgespoor en gearresteer terwyl hulle probeer het om na Gauteng te vlug. Al die verdagtes wat in hegtenis geneem is was tussen 20 en 28 jaar oud. Daar word verwag dat die verdagtes op Dinsdag, 24 Julie 2018, op aanklag van die besit van 'n ongelisensieerde vuurwapen, ammunisie, die besit van gesteelde eiendom en poging tot moord van polisiebeamptes in die Landdroshof sal verskyn.

5.1 'n Vergelyking van wetstoepassing met die afdwing van die wet sal min of meer dieselfde uitslag lewer as 'n vergelyking van 'n polisiemag en 'n polisiediens.

Vergelyk die eienskappe van wetstoepassing teenoor die afdwing van die wet. (10)

5.2 Wat behels gemeenskapspolisiëring? (5)

5.3 Beplanning en organisasie as bestuursfunksies in 'n polisiëringskonteks is duidelik uit die bostaande scenario.

Noem die VYF beginsels van organisasie. (5)

5.4 Beheer is ook 'n bestuursfunksie.

5.4.1 Bespreek wat strategiese beheer is. (2)

5.4.2 Noem die verskillende vorms van operasionele beheer. (3)

5.5 Wat is die eienskappe van vigilantisme? (5)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag uit AFDELING D.

VRAAG 6

6.1 Beplanning in die beplanningsproses vereis verskeie stappe.

Bespreek die vier stappe en optredes om behoorlike te beplan. (15)

6.2 Bespreek wat strategiese planne is. (5)
[20]

OF

VRAAG 7

'n Mens se liggaam kon sonder gebalanseerde voeding oorleef, maar sal nie gesond wees nie. Swak voeding lei tot 'n toestand wat wanvoeding genoem word.

Bespreek wat gebeur wanneer 'n mens die regte voedingstowwe inneem. **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou